



BELEID OOR AKADEMIESE INTEGRITEIT

Verwysingsnommer	2P_2.4.3.2
Verantwoordelike bestuurder	uitvoerende Registrateur
Beleideienaar	Registrateur
Verantwoordelike afdeling	Registrateur
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	27 September 2018
Datum van wysiging	17 Junie 2021
Hersieningsdatum	Junie 2024

BELEID OOR AKADEMIESE INTEGRITEIT

Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid oor Akademiese Integriteit op 17 Junie 2021 aanvaar.

1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.3 Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000 (WBAG);
- 1.4 Wet op Kopiereg, 98 van 1978;
- 1.5 Statuut van die Noordwes-Universiteit (2020), vernaamlik paragraaf 68, 71 en 77(2);
- 1.6 Verwante beleide van die Universiteit, soos die Navorsingsetiekbeleid, die Beleid oor die Bestuur van Intellektuele Eiendom, die Beleid en Handleiding oor Studentedissipline, sowel as die Gedragsbeleid en Gedragshandleiding vir Personeel;
- 1.7 NWU se Waardestelling; en
- 1.8 Die NWU se Etiese Kode.

2 Begripsomskrywings

- 2.1 Die glossarium van terme met betrekking tot akademiese integriteit soos vervat in Bylae 1 is 'n integrale deel van hierdie beleid.
- 2.2 Bylaes 1, 2, 3, 4 en 5 tot hierdie beleid kan, op advies van die Senaat, deur die Universiteitsbestuurskomitee gewysig en uitgebrei word in ooreenstemming met hierdie beleid; enige sodanige wysigings moet aan die Raad voorgelê word vir kennisname en hersiening indien nodig.

3 Doel en Omvang van die Beleid

- 3.1 Die doel van hierdie beleid is die volgende:
 - 3.1.1 om leiding aan die universiteitsgemeenskap (akademiese personeel, voorgraadse en nagraadse studente) te verskaf oor die onderwerp van akademiese integriteit in onderrig-leer en navorsing;
 - 3.1.2 om die universiteitsgemeenskap in te lig oor die Universiteit se posisie oor akademiese wangedrag in onderrig-leer en navorsing, en die gevolge daarvan;
 - 3.1.3 om te verseker dat werknemers en studente voorsorgmaatreëls tref teen alle vorms van akademiese wangedrag;
 - 3.1.4 om dit duidelik te stel dat alle vorms van akademiese wangedrag verbode is en dat enige oortredings ingevolge hierdie beleid hanteer sal word;
 - 3.1.5 om die verantwoordelikhede van studente, akademiese personeel en die akademiese eenhede (met inbegrip van navorsingsentiteite) van die Universiteit uit te lig ten einde 'n omgewing te skep wat bevorderlik is vir akademiese integriteit;

- 3.1.6 om gevalle van akademiese wangedrag te voorkom, en
- 3.1.7 om 'n raamwerk daar te stel vir die bestuur van akademiese integriteit ten einde akademiese wangedrag teë te werk.
- 3.2 Die bepalings van hierdie beleid is van toepassing op die volgende:
 - 3.2.1 Werknemers, studente en graduandi/diplomandi van die NWU;
 - 3.2.2 Die strukture van die Universiteit wat verantwoordelik is vir die bestuur van akademiese aktiwiteite en assesserings;
 - 3.2.3 Alle akademiese materiaal wat deur personeel en studente van die Universiteit geproduseer word, sowel as die assessering daarvan.
- 3.3 Hierdie beleid het te make met die bestuur van die integriteit van die volgende aspekte met betrekking tot akademiese materiaal:
 - 3.3.1 insameling en gebruik van data;
 - 3.3.2 nakoming van beginsels van gesonde akademiese skryfwerk;
 - 3.3.3 toeskrywing en integrasie van bronne;
 - 3.3.4 erkenning van die idees en argumente van ander wetenskaplikes in die verwerking van inligting vir die doel van akademiese skryfwerk;
 - 3.3.5 om geen aspek met betrekking tot data te fabriseer of te vervals nie;
 - 3.3.6 die benutting en vertolking van gelyksoortigheidsindekse vir die doel van verfyning en verbetering van akademiese skryfwerk en vir die bepaling van moontlike ooreenkomste met reeds gepubliseerde werk ten einde plagiaat te identifiseer en te elimineer; en
 - 3.3.7 aanbieding van navorsingsprodukte vir toepaslike doeleindes.

4 Beleidsverklaring

- 4.1.1 Dit is die beleid van die NWU om 'n omgewing daar te stel wat akademiese integriteit koester, op prys stel en nastreef.
- 4.1.2 Die Universiteit aanvaar die verantwoordelikheid om integriteit en akademiese eerlikheid by alle studente en personeel in te skerp.
- 4.1.3 Dit is die beleid van die Universiteit om duidelike en konsekwente reëls, prosesse en prosedures in plek te hê om die Universiteit se verbintenis tot akademiese integriteit te bestuur.

5 Korporatiewe bestuur van die beleid

- 5.1.1 Die Raad gee goedkeuring vir en hou toesig oor die implementering van hierdie beleid.
- 5.1.2 Die Senaat hou toesig oor die bestuur van hierdie beleid in al die relevante akademiese werksaamhede van die Universiteit.
- 5.1.3 Alle akademiese eenhede, akademiese personeel en studente van die Universiteit is verantwoordelik vir die bestuur van die implementering van hierdie beleid.

6 Rolle en Verantwoordelikhede

6.1 Fakulteitsrade en akademiese eenhede

Fakulteitsrade en akademiese eenhede (insluitende navorsingsentiteite) moet prosesse en prosedures daarstel vir die doeltreffende implementering van hierdie beleid ten einde te verseker dat –

- 6.1.1 akademiese personeel en studente die nodige opleiding ontvang oor die bepalings van hierdie beleid en prosedures wat binne die bepaalde fakulteit as relevant beskou word ten einde voldoening en verantwoordelike optrede te verseker;
- 6.1.2 met die jaarlikse registrasievorm 'n akademiese gedragskode met elke student aangegaan word (Bylae 5);
- 6.1.3 met die jaarlikse prestasieooreenkoms 'n akademiese gedragskode met elke akademiese personeelid aangegaan word (Bylae 4);

- 6.1.4 akademiese materiaal wat binne die fakulteit of akademiese eenheid gebruik word, met inbegrip van studiegidse, al die relevante inligting met betrekking tot hierdie beleid bevat;
- 6.1.5 die vereistes vir werksopdragte en navorsingsprojekte, insluitende die korrekte aanhaling van bronne en alle inligting met betrekking tot die toepaslike verwysingstyl vir die bepaalde akademiese omgewing, in die fakulteitsjaarboeke uiteengesit word;
- 6.1.6 verslae oor beweerde skending van akademiese integriteit deur fabrisering, vervalsing of plagiaat by toepaslike substrukture van die betrokke fakulteitsrade ter tafel gelê word, dat rekord gehou word van klagtes van fabrisering, vervalsing en plagiaat en dat sodanige aangeleenthede waar toepaslik na die relevante strukture van die Universiteit toe geëskaleer word in ooreenstemming met Bylae 2, wat ingevolge die relevante dissiplinêre kodes hanteer moet word; en
- 6.1.7 die proses soos voorgeskryf in Bylae 2 gevolg word in alle gevalle van skendings van die Beleid.

6.2 Akademiese personeel

Die akademiese personeel van die Universiteit is daarvoor verantwoordelik om te hou by die beginsels van akademiese integriteit en die Akademiese Gedragskode wat jaarliks as deel van die prestasieooreenkomsproses onderteken moet word ten einde:

- 6.2.1 studente op te voed oor alle aangeleenthede met betrekking tot akademiese integriteit en etiek van akademiese skryfwerk, sowel as die aanvaarbare standaarde daarvan en van akademiese eerlikheid;
- 6.2.2 te verseker dat alle modules 'n herinneringsklousule bevat oor akademiese integriteit met inbegrip van akademiese wangedrag soos fabrisering, vervalsing, plagiaat, kopieregskending, en oneerlikheid;
- 6.2.3 studente van eksplisiete en goed gedefinieerde instruksies te voorsien oor hoe om akademiese oneerlikheid deur fabrisering, vervalsing en plagiaat te vermy;
- 6.2.4 studente te waarsku teen die gee of ontvang van hulp met individuele assesserings of werk;
- 6.2.5 studente te lei om navorsing op 'n verantwoordelike wyse te doen, waar navorsingsintegriteit die standaard is;
- 6.2.6 die maatreëls te implementeer wat deur hierdie beleid vereis word om die integriteit van die akademiese werksaamhede te beskerm; en
- 6.2.7 om hulle van enige dade van akademiese wangedrag te weerhou.

6.3 Studente

Alle studente van die Universiteit moet –

- 6.3.1 hou by die beginsels van die akademiese gedragskode (sien 6.1.2 hierbo) wat jaarliks aangegaan word as deel van die registrasieproses;
- 6.3.2 deeglik kennis neem van hierdie beleid en alle ander beleide en inligting met betrekking tot akademiese integriteit en die omgekeerde daarvan, naamlik akademiese wangedrag en plagiaat;
- 6.3.3 bewus wees van die gevolge van die oortreding van die beginsels van akademiese eerlikheid;
- 6.3.4 hulp kry om akademiese skryfvaardighede te ontwikkel en indien daar onsekerheid bestaan oor aangeleenthede met betrekking tot korrekte aanhalings- of verwysingsmetodes;
- 6.3.5 die nodige maatreëls tref om te verseker dat ander studente nie hul oorspronklike werk kopieer of op 'n onbehoorlike wyse bystand of samewerking verleen of ontvang nie;
- 6.3.6 toesien dat elke student slegs sy/haar eie werk indien, behalwe in gevalle waar groepwerk vereis word en slegs indien alle bydraers daarvoor erkenning ontvang;
- 6.3.7 maatreëls tref om die verantwoordelike doen van navorsing te verseker, waar navorsingsintegriteit die standaard is; en
- 6.3.8 moet hulle van enige dade van akademiese wangedrag weerhou.

7 Ondersoeke na gevalle van beweerde akademiese wangedrag

Alle ondersoeke wat ingevolge 6.1.6 na die betrokke strukture toe geëskaleer is, moet in ooreenstemming met die toepaslike voorskrifte van die Personeelgedragshandleiding en die NWU se Beleid en Handleiding oor Studentedissipline geskied.

Oorspronklike gegewens: (11664754) P:\Policies\2021\2P_2.4.3.2\AFR\Beleid oor Akademiese Integriteit.docm
16 Augustus 2021

Verwysingsnommer: 2P_2.4.3.2

Kantoor van die Registrateur
GLOSSARIUM VAN TERME M.B.T AKADEMIESE INTEGRITEIT

"Akademiese wangedrag"	1	Gedrag wat neerkom op bedrog, met inbegrip van die volgende gevalle van opsetlike misleiding deur 'n student:
	1.1	Verkryging, insluitende kopiëring, met die doel om punte te verbeter, en gebruik van aantekeninge, elektroniese toestelle of ander vorms van bystand gedurende eksamensessies waar dit deur eksamenprosedures verbied word.
	1.2	Hulpverlening aan medestudente met assesserings (formatief sowel as summatief) of hulpverkryging van medestudente met wegneemassesserings indien enige samewerking deur die betrokke assesseringsprosedures verbied word, of kopiëring of hulpverlening met die skryf van assesserings.
	1.3	Die doen van 'n assesseringssessie namens 'n ander student of die rig van sodanige versoek aan 'n medestudent.
	1.4	Die saamneem van ongemagtigde materiaal na 'n assesseringslokaal.
	1.5	Diefstal van assesseringsmateriaal of ontwrigtende gedrag tydens assessering.
	1.6	Die indiening van dieselfde akademiese materiaal vir verskillende modules of akademiese programme.
	1.7	Die publikasie, oplaai of beskikbaarstelling van enige materiaal waarop die NWU kopiereg het sonder die nodige magtiging.
	1.8	Fabrisering van navorsingsdata en/of resultate.
	1.9	Vervalsing deur wysiging, weglating of manipulasie van navorsingsdata en/of resultate.
	1.10	Plagiaat (sien definisie hieronder)
	1.11	Selfplagiaat (sien definisie hieronder)
	1.12	Akademiese handel (sien definisie hieronder)
	2	Gedrag wat neerkom op bedrog, met inbegrip van die volgende gevalle van opsetlike misleiding deur 'n akademiese personeellid:
	2.1	Gebruik of aanbieding van die werk van 'n student wat studieleiding ontvang het van die betrokke akademiese personeellid sonder die toestemming van die student en behoorlike erkenning aan die werk of die bydrae van die student.
2.2	Opsetlike publiserings in 'n roefjoernaal met onetiese en onwetenskaplike redaksionele praktyke.	
2.3	Betrokkenheid by verdagte navorsingsamewerking wat neerkom op die herhaaldelike indiening van basies dieselfde navorsingsprodukt (sogenaamde "salami-slicing").	
3	Fabrisering (sien definisie hieronder) Vervalsing (sien definisie hieronder) Plagiaat (sien definisie hieronder) Selfplagiaat (sien definisie hieronder)	

"Akademiese integriteit"	'n Verbintenis tot die etiek van eerlike wetenskapsbeoefening in onderrig-leer- en navorsingspraktyke sowel as die vermoë om onafhanklik te werk; om erkenning te gee aan die idees van andere en die herbenutting van mens se eie vroeëre werk; om geen aspek met betrekking tot die data te fabriseer of te vervals nie, en die indiening van oorspronklike navorsingsprodukte vir assessering, eksaminering en hersiening.
"Akademiese materiaal"	Sluit alle akademiese produkte in, ongeag die vorm waarin dit voortgebring word, op voorgraadse sowel as nagraadse vlak, navorsingsartikels, hoofstukke in boeke, konferensievoordragte en -referate en navorsing wat op 'n kontrakbasis onderneem word.
"Akademiese handel"	Die ongemagtigde oplaai van akademiese materiaal wat aan die NWU behoort op akademiese platforms ten einde toegang tot internasionale studiemateriaal te verkry.
"Kopiereg"	1 'n Sambreelterm wat wetlike beskerming verleen aan die kopiereghouer teen die ongemagtigde reproduksie van: Literêre werke Musiekwerke Artistieke werke Kinematografiese films Klankopnames Uitsendings Programdraende seine Gepubliseerde uitgawes Rekenaarprogramme
	2 "Oorspronklikheid" van 'n werk in die konteks van kopiereg beteken dat die werk nie gekopieer is uit 'n bron nie en dat die produksie daarvan 'n beduidende graad van vaardigheid, oordeelsvermoë of arbeid geverg het.
	3 "Kopieregskending" verwys na enige tipe direkte skending ingevolge artikel 23(1)(a) of 23(2) van die Wet op Kopiereg (98 van 1978), d.w.s. wanneer iemand, wat nie die kopiereghouer is nie, betrokke is by die kopiëring, verwerking of publikasie van werk sonder toestemming.
"Fabrisering"	Die opmaak van data of resultate en die optekening of rapportering van die gefabriseerde materiaal.
"Vervalsing"	Manipulasie van navorsingsmateriaal, -toerusting, of -prosesse of verandering of weglating van data of resultate sodat die navorsing nie akkuraat weergegee word in die navorsingsrekords nie.
"Gegradueerde/ Gediplomeerde"	'n Persoon wat 'n graad, diploma of sertifikaat aan die NWU of een van sy voorgangers verwerf het;
"Ondersoeke na beskuldigings van fabrisering, vervalsing, plagiaat en ander vorms van akademiese wangedrag"	Alle beskuldigings van fabrisering, vervalsing of plagiaat moet ondersoek word in ooreenstemming met die voorgeskrewe ondersoekprosedure soos ingesluit in Bylae 2.
"NWU Akademiese Gedragskode"	Die kontrak tussen die Uitvoerende Dekaan en 'n akademiese personeelid met betrekking tot die inskerping van 'n gedeelde begrip van die waardestelling van die Universiteit in die strewe na akademiese integriteit vir alle prosesse en produkte van akademiese uitset. Ook die Akademiese Gedragskode wat tydens die jaarlikse registrasieproses tussen die NWU en sy studente aangegaan word.
"Plagiaat"	1 Die oorneem, sonder die nodige erkenning, van 'n ander persoon se idees, hardekopie- of elektroniese tekste, beelde, rekenaarprogramme, klanke, ontwerpe, optrede of enige vorm van kreatiewe werk, insluitende aktiwiteite soos die toeëiening van die kennis, insigte, prosesse, resultate, bewoording of formulering van enigiemand anders se werk.

	2	Aangesien die <i>intensie om te mislei</i> 'n sleutelbegrip in die verstaan van plagiaat is, moet die bevindinge in 'n ondersoek na plagiaat in 'n kontinuum voorgehou word wat strek vanaf "sterk intensie om te mislei" (<i>aanbieding van die werk as oorspronklik en/of as die outeur se eie werk</i>) tot "swak intensie om te mislei" (<i>agtelosigheid skryfwerk en/of nie-korrekte verwysings</i>).
	3	Blatante letterdiefstal.
"Selfplagiaat"	1	Selfplagiaat gebeur wanneer outeurs hul eie werk of gedeeltes van hul eie werk wéér gebruik en die werk as nuut en oorspronklik voorhou.
	2	Selfplagiaat kan die kopiereg skend van ander partye wat betrokke was by die publikasie van die oorspronklike werk.
Navorsings-integriteit		Die aktiewe aanklewing van etiese beginsels en professionele standaarde wat noodsaaklik is vir verantwoordelike praktyk van navorsing.
Navorsings-wangedrag		Die opsetlike misleiding met die voorstel, uitvoering, hersiening of verslagdoening van navorsing deur middel van fabrisering, vervalsing of plagiaat.
Nie-nakoming m.b.t. navorsing		Enige oortreding van enige regulasie rakende menslike, dierlike of omgewingsnavorsing of enige afwyking van die Navorsingsetiekkomitee-goedgekeurde voorstel/protokol.
Gelyksoortigheids-indekse		Gelyksoortigheidsindekssagteware (soos Turnitin en Ithenticate) wat deur die Universiteit gebruik word om gelyksoortigheid van die akademiese teks met enige ander tekste te bepaal deur gebruikmaking van rekenaarstringparingstegnieke om woorde, frases, sinne of paragrawe te identifiseer wat erken word as identies, gekopieer, of 'n aanpassing van die oorspronklike tekste.
Student		'n Persoon wat as student van die NWU toegelaat en geregistreer is om 'n kwalifikasie te verwerf.
Skending van goeie navorsingspraktyk		Skending van goeie navorsingspraktyke wat die integriteit van die navorsingsproses of die navorsers skaad.

Oorspronklike gegewens: (11664754) P:\Policies\2021\2P_2.4.3.2\AFR\Glossarium van terme m.b.t Akademiese Integriteit.docm
16 Augustus 2021

Verwysingsnommer: 2P_2.4.3.2.A

*Kantoor van die Registrateur***PROSEDURE VIR DIE ONDERSOEK VAN AKADEMIESE WANGEDRAG**

Die ondersoek van akademiese wangedrag vind in verskillende fases plaas en word bepaal deur die status van die persoon wie se akademiese materiaal ondersoek word, synde 'n student, 'n gegradueerde/gediplomeerde, of 'n personeellid van die NWU.

1 Ondersoek van akademiese wangedrag van 'n student**1.1 *Fase 1: Rapportering van akademiese wangedrag van 'n student (VG en NG) deur middel van 'n interne fakulteitsproses.***

- 1.1.1 Die betrokke dosent/studieleier/promotor rapporteer 'n geval van vermeende akademiese wangedrag wat na bewering deur 'n voorgraadse of nagraadse student gepleeg is. Dit word aan die skool-/navorsingsdirekteur gerapporteer.
- 1.1.2 In geval van vermeende akademiese wangedrag word 'n aanvanklike assessering in ooreenstemming met die betrokke fakulteitsprosesse gedoen. In relevante gevalle kan die fakulteit die Kampus se Akademiese Skryfsentrum raadpleeg vir advies oor norme en standaarde van akademiese skryfwerk.
- 1.1.3 Die skool-/navorsingsdirekteur rapporteer die aangeleentheid aan die substruktuur van die betrokke fakulteitsraad wat tot stand gebring is in ooreenstemming met para 6.1.6 van die Beleid, en 'n besluit oor die mees geskikte benadering¹ tot die beweerde geval van akademiese wangedrag word geneem en opgeteken.
- 1.1.4 Waar toepaslik rapporteer die fakulteit die saak aan die Studenteregskantoor waar 'n saaknommer aan die saak toegeken word en voortgegaan word met 'n proses ooreenkomstig die NWU se Handleiding oor Studentedissipline.
- 1.1.5 Die fakulteitsraad ontvang gereelde verslae van bogenoemde substruktuur en sluit op sy beurt die inligting oor hierdie verslae in in die gereelde verslagdoening aan die Senaat.
- 1.1.6 Indien 'n proses gevolg word ingevolge 1.1.4 hierbo, en waar plagiaat, vervalsing of fabrisering vermoed word, volg fase 2a; en waar ander vorme van akademiese wangedrag vermoed word, volg fase 2b.

1.2 *1.2 Fase 2a: Ondersoekproses vir gevalle van beweerde fabrisering, vervalsing of plagiaat*

- 1.2.1 Die Registrateur wys (n) tegniese deskundige(s) aan om die verslae te oorweeg wat ingevolge 1.1.3 en 1.1.4 deur die betrokke fakulteit voorgelê is, en om ander bronne te raadpleeg wat relevant is vir die ondersoek.

Die kundige se taak is om te bepaal of fabrisering of vervalsing van data plaasgevind het; of om die graad van tekstuele gelyksoortigheid in die verdagte akademiese materiaal te bepaal, deur gebruikmaking van Turnitin of ander gelyksoortigheidsindekssagteware.
- 1.2.2 Indien fabrisering vermoed word, moet die tegniese deskundige die omvang bepaal van die "konstruksie en/of toevoeging van data, waarnemings of karakterisering wat nooit plaasgevind het tydens die insameling van die data of die uitvoering van eksperimente nie".²

¹ Deur die betrokke kategorie van oortreding te bepaal volgens Bylae 3 van die Beleid en besluite te neem oor die relevante maatreëls om gedrag te korrigeer (op 'n opvoedkundige of bestraffende wyse; of 'n positiewe dissipline-benadering binne die fakulteit gevolg moet word; of die geval aangemeld moet word ingevolge para 2.1.2 van die NWU se Handleiding oor Studentedissipline).

² PennState University BIOET 533: Ethical Dimensions of Renewable Energy and Sustainability Systems. 2.1 Falsification, Fabrication, Plagiarism. (URL: <https://www.e-education.psu.edu/bioet533/node/654>) [Accessed: 2021.04.6]

- 1.2.3 Indien vervalsing vermoed word, moet die tegniese deskundige bepaal in watter mate enige relevante aspek van die navorsingsproses of navorsingsproduk gewysig is om aansprake of hipoteses te ondersteun en tot 'n onakkurate navorsingsresultaat gelei het.³
- 1.2.4 In geval van vermeende plagiaat, vertolk die kundige die gelyksoortigheidsindeks van die sagteware genoem in 1.2.1 en doen dan 'n linguistiese ontleding op mikrovlak. Dit word gedoen om te bepaal of daar in die linguistiese strategieë wat in die betrokke akademiese materiaal gebruik word enige aanduidings is van 'n voorneme om plagiaat te pleeg.
- 1.2.5 'n Tegniese verslag word deur die kundige persoon opgestel en aan die betrokke kampus se Studenteregsbeampte voorgelê.
- 1.2.6 Indien die beskuldigings van fabrisering, vervalsing of plagiaat deur die tegniese verslag gestaaf word, volg 'n dissiplinêre proses in ooreenstemming met die toepaslike gedeeltes van paragraaf 2 van die Handleiding oor Studentedissipline.

1.3 Fase 2b: Onderzoekproses vir ander gevalle van beweerde akademiese wangedrag

Ingevolge para 2.1.2 van die Handleiding oor Studentedissipline wys die Bestuurder Studenteregsdienste 'n ondersoekbeampte aan om 'n spesifieke geval te ondersoek, en betrek ander en/of tegniese kundiges, indien nodig, om met die ondersoek behulpsaam te wees.

1.4 Fase 3: Tugmaatreëls na afloop van Fase 2a en 2b

Op grond van die verslag wat in ooreenstemming met 1.2.6 of 1.3 hierbo ontvang is, kan 'n klag ingevolge paragraaf 72(c) van die Statuut teen die betrokke student ingedien word.

2 **Onderzoek van akademiese wangedrag van 'n gegradueerde/gediplomeerde⁴**

2.1 2.1 Fase 1: Rapportering van akademiese wangedrag van 'n gegradueerde/gediplomeerde

- 2.1.1 Die betrokke direkteur of adjunkdekaan rapporteer 'n geval van vermeende akademiese wangedrag wat na bewering deur 'n gegradueerde/gediplomeerde gepleeg is tydens die inskrywingstydperk as 'n student van die Universiteit. Dit word aan die Registrateur gerapporteer.
- 2.1.2 By konstatering van 'n moontlike oortreding in terme van die beleid oor akademiese integriteit, word die eksamenproses van die gegradueerde/gediplomeerde gestaak en word alle eksaminators in kennis gestel van die rede waarom die eksamenproses opgeskort is.
- 2.1.3 Indien fabrisering, vervalsing of plagiaat vermoed word, volg fase 2a.
- 2.1.4 Waar ander vorms van akademiese wangedrag betrokke kan wees, volg fase 2b.
- 2.1.5 Fase 3 en 4 volg gewoonlik in alle gevalle.

2.2 Fase 2a: Onderzoekproses vir gevalle van beweerde fabrisering, vervalsing of plagiaat

- 2.2.1 Die Registrateur wys (n) tegniese deskundige(s) aan om die verslae te oorweeg wat ingevolge 2.1.1 deur die betrokke fakulteit voorgelê is, en om ander bronne te raadpleeg wat relevant is vir die ondersoek.
- 2.2.2 Die kundige se taak is om te bepaal of fabrisering of vervalsing van data plaasgevind het; of om die graad van tekstuele gelyksoortigheid in die verdagte akademiese materiaal te bepaal, deur gebruikmaking van Turnitin of ander gelyksoortigheidsindekssagteware.⁵

³ PennState University BIOET 533: Ethical Dimensions of Renewable Energy and Sustainability Systems. 2.1 Falsification, Fabrication, Plagiarism. (URL: <https://eee.e-education.psu.edu/bioet533/node/654>) [Accessed: 2021.04.06]

⁴ Vir die doeleindes van hierdie prosedure is 'n "gegradueerde/gediplomeerde" 'n NWU-student wat ingeskryf is vir 'n gevorderdegraadkwalifikasie, wat die verhandeling of proefskrif ingedien het vir eksaminering en wat tydens die eksaminering van die verhandeling/proefskrif van akademiese wangedrag beskuldig is.

⁵ PennState University BIOET 533: Ethical Dimensions of Renewable Energy and Sustainability Systems. 2.1 Falsification, Fabrication, Plagiarism. (URL: <https://www.e-education.psu.edu/bioet533/node/654>) [Accessed: 2020.04.06]

- 2.2.3 Indien fabrisering vermoed word, moet die tegniese deskundige die omvang bepaal van die “konstruksie en/of toevoeging van data, waarnemings of karakterisering wat nooit plaasgevind het tydens die insameling van die data of die uitvoering van eksperimente nie”.⁶
- 2.2.4 In geval van vermeende plagiaat, vertolk die kundige die gelyksoortigheidsindeks van die sagteware genoem in 2.2.1 en doen dan ’n linguistiese ontleding op mikrovlak. Dit word gedoen om te bepaal of daar in die linguistiese strategieë wat in die betrokke akademiese materiaal gebruik word enige aanduidings is van ’n voorneme om plagiaat te pleeg.
- 2.2.5 ’n Tegnieuse verslag word deur die kundige persoon opgestel en aan die Registrateur voorgelê.
- 2.2.6 Die Registrateur stel die gegradueerde/gediplomeerde in kennis van die uitkoms van die ondersoek en die persoon word minstens drie weke tyd gegun om ’n skriftelike verhoë te rig teen die bevindinge.

2.3 *Fase 2b: Ondersoekproses vir ander gevalle van beweerde akademiese wangedrag*

- 2.3.1 Die Registrateur, in oorleg met die betrokke uitvoerende dekaan en die adjunkvisekanseliers vir Onderrig-Leer en Navorsing en Innovasie, wys ’n toepaslik gekwalifiseerde kundige aan om die omvang van die beweerde wangedrag te bepaal.
- 2.3.2 Die aangewese kundige neem al die relevante faktore rakende die beweerde wangedrag in ag, stel ’n verslag op en lê dit voor aan die Registrateur, wat die verslag met die funksionaris genoem in 2.3.1 moet bespreek.
- 2.3.3 Die Registrateur stel die gegradueerde/gediplomeerde in kennis van die uitkoms van die ondersoek en die persoon word minstens drie weke tyd gegun om ’n skriftelike verhoë te rig teen die bevindinge.

2.4 *Fase 3: Beoordelingsproses (fabrisering, vervalsing of plagiaat en ander vorms van akademiese wangedrag)*

- 2.4.1 Die Registrateur versoek die betrokke uitvoerende dekaan om die name te verskaf van minstens twee toepaslik gekwalifiseerde vakkundiges (intern/ekstern) op die betrokke navorsingsterrein wat in staat sal wees om die uitkomst van die tegniese verslag wat in 2.2.5 genoem is te evalueer.
Die Registrateur kontak die vakkundiges om navraag te doen oor hul beskikbaarheid vir die taak en sluit ’n ooreenkoms rakende die bepalinge en voorwaardes van die taak.
Die genoemde tegniese verslag word aangestuur na die vakkundiges en ’n vergadering word byeengeroep waar die kundige oor fabrisering, vervalsing of plagiaat die vakkundiges inlig oor die relevante tegniese aspekte van die verslag. ’n Verslag word opgestel uit die waarnemings van die vakkundiges.
- 2.4.2 Die Registrateur roep ’n paneel byeen bestaande uit die betrokke uitvoerende dekaan of sy/haar afgevaardigde, die AVK Onderrig-Leer, die AVK Navorsing en Innovasie, die Registrateur, die vakkundiges en die kundige(s) oor fabrisering, vervalsing of plagiaat, om alle relevante aspekte te oorweeg ten einde ’n finale verslag oor die aangeleentheid op te stel.
- 2.4.3 Die verslag word voorgelê aan die fakulteitsraad van die betrokke fakulteit vir interne hantering en verslagdoening aan die Senaat.

3 **Ondersoek van akademiese wangedrag van ’n gegradueerde/gediplomeerde**

3.1 *Fase 1: Rapportering van akademiese wangedrag van ’n gegradueerde*

- 3.1.1 Die betrokke direkteur of adjunkdekaan rapporteer ’n geval van vermeende akademiese wangedrag wat na bewering deur ’n gegradueerde/gediplomeerde gepleeg is tydens die inskrywingstydperk as ’n student van die Universiteit. Dit word aan die Registrateur gerapporteer.
- 3.1.2 Indien fabrisering, vervalsing of plagiaat vermoed word, volg fase 2a.
- 3.1.3 Fase 3 en 4 volg gewoonlik in alle gevalle.

⁶ PennState university BIOET 533: Ethical Dimensions of Renewable Energy and Sustainability Systems. 2.1 Falsification, Fabrication, Plagiarism. (URL: <https://www.e-education.psu.edu/bioet533/node/654>) [Accessed: 2020.04.06]

3.2 Fase 2a: Ondersoekproses vir gevalle van beweerde fabrisering, vervalsing of plagiaat

- 3.2.1 Die Registrateur wys (’n) tegniese deskundige(s) aan om die verslae te oorweeg wat ingevolge 3.1.1 deur die betrokke fakulteit voorgelê is, en om ander bronne te raadpleeg wat relevant is vir die ondersoek.

Die kundige se taak is om te bepaal of fabrisering of vervalsing van data plaasgevind het; of om die graad van tekstuele gelyksoortigheid in die verdagte akademiese materiaal te bepaal, deur gebruikmaking van Turnitin of ander gelyksoortigheidsindekssagteware.

- 3.2.2 Indien fabrisering vermoed word, moet die tegniese deskundige die omvang bepaal van die “konstruksie en/of toevoeging van data, waarnemings of karakterisering wat nooit plaasgevind het tydens die insameling van die data of die uitvoering van eksperimente nie”.⁷

- 3.2.3 Indien vervalsing vermoed word, moet die tegniese deskundige bepaal in watter mate enige relevante aspek van die navorsingsproses of navorsingsproduk gewysig is om aansprake of hipoteses te ondersteun en tot ’n onakkurate navorsingsresultaat gelei het.⁸

- 3.2.4 In geval van vermeende plagiaat, vertolk die kundige die gelyksoortigheidsindeks van die sagteware genoem in 3.2.1 en doen dan ’n linguistiese ontleding op mikrovlak. Dit word gedoen om te bepaal of daar in die linguistiese strategieë wat in die betrokke akademiese materiaal gebruik word enige aanduidings is van ’n voorneme om plagiaat te pleeg.

- 3.2.5 ’n Tegniese verslag word deur die kundige persoon opgestel en aan die Registrateur voorgelê.

- 3.2.6 Die Registrateur stel die gegradueerde/gediplomeerde in kennis van die uitkoms van die ondersoek en die persoon word minstens drie weke tyd gegun om ’n skriftelike verhoë te rig teen die bevindinge.

- 3.2.7 Die Registrateur versoek die betrokke uitvoerende dekaan om die name te verskaf van minstens twee toepaslik gekwalifiseerde vakkundiges op die betrokke navorsingsterrein wat in staat sal wees om die uitkomste van die tegniese verslag wat in 3.2.5 genoem is te evalueer.

Die Registrateur kontak die vakkundiges om navraag te doen oor hul beskikbaarheid vir die taak en sluit ’n ooreenkoms rakende die bepalings en voorwaardes van die taak.

Die genoemde tegniese verslag word aangestuur na die vakkundiges en ’n vergadering word byeengeroep waar die kundige oor fabrisering, vervalsing of plagiaat die vakkundiges inlig oor die relevante tegniese aspekte van die verslag. ’n Verslag word opgestel uit die waarnemings van die vakkundiges.

- 3.2.8 Die Registrateur roep ’n paneel byeen bestaande uit die betrokke uitvoerende dekaan of sy/haar afgevaardigde, die AVK Onderrig-Leer, die AVK Navorsing en Innovasie, die Registrateur, die vakkundiges en die kundige(s) oor fabrisering, vervalsing of plagiaat, om alle relevante aspekte te oorweeg ten einde ’n finale verslag oor die aangeleentheid op te stel.

3.3 Fase 2b: Ondersoekproses vir ander gevalle van beweerde akademiese wangedrag

- 3.3.1 Die Registrateur, in oorleg met die betrokke uitvoerende dekaan en die adjunkvisiekanseliers vir Onderrig-Leer en Navorsing en Innovasie, wys (’n) toepaslik gekwalifiseerde kundige(s) aan om die omvang van die beweerde wangedrag te bepaal.

- 3.3.2 Die aangewese kundige neem al die relevante faktore rakende die beweerde wangedrag in ag, stel ’n verslag op en lê dit voor aan die Registrateur, wat die verslag met die funksionariesse genoem in 3.3.1 moet bespreek.

- 3.4 Die Registrateur stel die gegradueerde/gediplomeerde in kennis van die uitkoms van die ondersoek en die persoon word minstens drie weke tyd gegun om ’n skriftelike verhoë te rig teen die bevindinge.

⁷ PennState University BIOET 533: Ethical Dimensions of Renewable Energy and Sustainability Systems. 2.1 Falsification, Fabrication, Plagiarism. (URL: <https://www.e-education.psu.edu/bioet533/node/654>) [Accessed: 2020/04/06]

⁸ PennState University NIOET 533: Ethical Dimensions of Renewable Energy and Sustainability Systems. 2.1 Falsification, Fabrication, Plagiarism. (URL: <https://e-education.psu.edu/bioet533/node/654>) [Accessed: 2020.04.06]

3.5 Fase 3: Onafhanklike regsvaluering van die getuienis

- 3.5.1 Op versoek van die Registrateur wys die Raad 'n onafhanklike regskenner aan om:
 - 3.5.1.1 alle verslae en bewysmateriaal voortspruitend uit fase 1 en 2 te evalueer;
 - 3.5.1.2 oor sodanige evaluering verslag te doen; en
 - 3.5.1.3 aanbevelings aan die Senaat te maak oor die beste manier om die aangeleentheid te hanteer.
- 3.5.2 Die onafhanklike regskenner word bygestaan deur 'n eksterne prokureur soos aanbeveel deur die NWU se Departement Regsdienste en beskik as voorsitter van die eksterne hersieningsproses oor die mandaat om te versoek dat die funksionarisse genoem in 3.2.8 teenwoordig moet wees by die vergadering of om die dienste van ander kundiges aan te vra.
- 3.5.3 Die Registrateur tree op as sekretaris van die prosesse m.b.t. fase 3.

3.6 Fase 4: Gevolge van akademiese wangedrag

- 3.6.1 Die finale aanbevelings van die paneel word deur die Registrateur aan die Senaat voorgelê om die aangeleentheid ingevolge paragraaf 77(2) van die Statuut te hanteer.
- 3.6.2 Die Senaat maak 'n aanbeveling aan die Raad.
- 3.6.3 Indien die Raad ná oorweging van al die ingediende verslae van mening is dat 'n gegradueerde/gediplomeerde die betrokke kwalifikasie op 'n oneerlike wyse verwerf het, word 'n besluit in hierdie verband geneem en is dit die Registrateur se taak om toe te sien dat die regsproses gevolg word om die kwalifikasie te herroep.

4 **Ondersoek van akademiese wangedrag van 'n personeellid**

4.1 Fase 1: Rapportering van akademiese wangedrag van 'n personeellid

- 4.1.1 Die betrokke adjunkdekaan of uitvoerende dekaan rapporteer 'n geval van vermeende akademiese wangedrag deur 'n personeellid aan die Registrateur.
- 4.1.2 Indien fabrisering, vervalsing of plagiaat vermoed word, volg fase 2a.
Indien ander vorms van akademiese wangedrag betrokke is, moet die verslag die besonderhede van die beweerde wangedrag uiteensit, in welke geval fase 2b volg.
- 4.1.3 Fase 3 en 4 volg gewoonlik in alle gevalle.

4.2 Fase 2a: Ondersoekproses in geval van vermeende fabrisering, vervalsing of plagiaat

- 4.2.1 Die Registrateur wys (n) tegniese deskundige(s) aan om die verslae te oorweeg wat ingevolge 4.1.1 deur die betrokke fakulteit voorgelê is, en om ander bronne te raadpleeg wat relevant is vir die ondersoek.
Die kundige se taak is om te bepaal of fabrisering of vervalsing van data plaasgevind het; of om die graad van tekstuele gelyksoortigheid in die verdagte akademiese materiaal te bepaal, deur gebruikmaking van Turnitin of ander gelyksoortigheidsindekssagteware.
- 4.2.2 Indien fabrisering vermoed word, moet die tegniese deskundige die omvang bepaal van die "konstruksie en/of toevoeging van data, waarnemings of karakterisering wat nooit plaasgevind het tydens die insameling van die data of die uitvoering van eksperimente nie".⁹
- 4.2.3 Indien vervalsing vermoed word, moet die tegniese deskundige bepaal in watter mate enige relevante aspek van die navorsingsproses of navorsingsproduk gewysig is om aansprake of hipoteses te ondersteun en tot 'n onakkurate navorsingsresultaat gelei het.¹⁰
- 4.2.4 In geval van vermeende plagiaat, vertolk die kundige die gelyksoortigheidsindeks van die sagteware genoem in 4.2.1 en doen dan 'n linguistiese ontleding op mikrovlak. Dit word gedoen om te bepaal of

⁹ PennState university BIOET 533: Ethical Dimensions of Renewable Energy and Sustainability Systems. 2.1 Falsification, Fabrication, Plagiarism. (URL: <https://www.e-education.psu.edu/bioet533/node/654>) [Accessed: 2020.04.06]

¹⁰ PennState university BIOET 533: Ethical Dimensions of Renewable Energy and Sustainability Systems. 2.1 Falsification, Fabrication, Plagiarism. (URL: <https://www.e-education.psu.edu/bioet533/node/654>) [Accessed: 2020.04.06]

daar in die linguistiese strategieë wat in die betrokke akademiese materiaal gebruik word enige aanduidings is van 'n voorneme om plagiaat te pleeg.

- 4.2.5 'n Tegnieuse verslag word deur die kundige persoon opgestel en aan die Registrateur voorgelê.
- 4.2.6 Die Registrateur stel die personeellid in kennis van die uitkoms van die ondersoek en die persoon word minstens drie weke tyd gegun om 'n skriftelike verhoër te rig teen die bevindinge.
- 4.2.7 Die Registrateur versoek die betrokke uitvoerende dekaan om die name te verskaf van minstens twee toepaslik gekwalifiseerde vakkundiges op die betrokke navorsingsterrein wat in staat sal wees om die uitkomst van die tegnieuse verslag wat in 4.2.5 genoem is te evalueer.
- Die Registrateur kontak die vakkundiges om navraag te doen oor hul beskikbaarheid vir die taak en sluit 'n ooreenkoms rakende die bepalings en voorwaardes van die taak.
- 4.2.8 Die Registrateur roep 'n paneel byeen bestaande uit die betrokke uitvoerende dekaan of sy/haar afgevaardigde, die AVK Onderrig-Leer, die AVK Navorsing en Innovasie, die Registrateur, die vakkundiges en die kundige(s) oor fabrisering, vervalsing of plagiaat, om alle relevante aspekte te oorweeg ten einde 'n finale verslag oor die aangeleentheid op te stel.

4.3 Fase 2b: Ondersoekproses vir ander gevalle van beweerde akademiese wangedrag

- 4.3.1 Die Registrateur, in oorleg met die betrokke uitvoerende dekaan en die adjunkvisekanseliers vir Onderrig-Leer en Navorsing en Innovasie, wys (n) toepaslik gekwalifiseerde kundige(s) aan om die omvang van die beweerde wangedrag te bepaal.
- 4.3.2 Die aangewese kundige neem al die relevante faktore rakende die beweerde wangedrag in ag, stel 'n verslag op en lê dit voor aan die Registrateur, wat die verslag met die funksionaris genoem in 4.3.1 moet bespreek.
- 4.4 Die Registrateur stel die personeellid in kennis van die uitkoms van die ondersoek en die persoon word minstens drie weke tyd gegun om 'n skriftelike verhoër te rig teen die bevindinge.

4.5 Fase 3: Onafhanklike regsevaluering van die getuienis

- 4.5.1 Op versoek van die Registrateur wys die Raad 'n onafhanklike regskenner aan om:
- 4.5.1.1 alle verslae en bewysmateriaal voortspruitend uit fase 1 en 2 te evalueer;
- 4.5.1.2 oor sodanige evaluering verslag te doen; en
- 4.5.1.3 aanbevelings aan die Senaat te maak oor die beste manier om die aangeleentheid te hanteer.
- 4.5.2 Die onafhanklike regskenner word bygestaan deur 'n eksterne prokureur soos aanbeveel deur die NWU se Departement Regsdienste en beskik as voorsitter van die eksterne hersieningsproses oor die mandaat om te versoek dat die funksionaris genoem in 4.2.8 teenwoordig moet wees by die vergadering.
- 4.5.3 Die Registrateur tree op as sekretaris van die prosesse m.b.t. fase 3.

4.6 Fase 4: Gevolge van akademiese wangedrag

- 4.6.1 Die finale aanbevelings van die paneel word deur die Registrateur aan die Visekanselier voorgelê om die aangeleentheid ingevolge paragraaf 68 van die Statuut te hanteer.

KONSEPTUELE RAAMWERK VIR DIE KATEGORISERING VAN BEWEERDE GEVALLE VAN PLAGIAAT

Die volgende raamwerk verskaf die agtergrond vir die kwalifisering van gevalle waar letterdiefstal na vore kom. (Let daarop dat nie alle subkategorieë waar of bewese hoef te wees alvorens die patrone van letterdiefstal wat uit die ondersoek na vore kom gekategoriseer kan word nie.)

(Sien volgende bladsye)

	Swak akademiese skryfpraktyk (SASP) ¹	Kategorie 1-oortreding ²	Kategorie 2-oortreding ³	Kategorie 3-oortreding ⁴	Kategorie 4-oortreding ⁵
Die betrokke werk sou die volgende eienskappe kon insluit, maar is nie daartoe beperk nie:					
(i)	Beperkte hoeveelheid materiaal/gekopieerde teks/idees/konsepte geneem uit die werk van ander in die woorde van die navorser/student, maar sonder behoorlike aanhaling/verwysing.	Kort gedeeltes materiaal/gekopieerde teks wat idees of konsepte uitdruk wat geneem is uit die werk van ander sonder behoorlike aanhaling. ⁶ Kort gedeeltes gekopieerde teks wat aangehaal is, maar sonder behoorlike verwysing of nakoming van konvensies om aanhalingstekens te gebruik.	Beduidende of heelwat gedeeltes materiaal of teks wat gekopieer word en wat idees of konsepte uitdruk wat geneem is uit die werk van ander sonder behoorlike verwysing of nakoming van konvensies om aanhalingstekens te gebruik. <i>(Let daarop dat die lyn tussen kategorie 1- en kategorie 2-oortredings)</i>	Die evaluering vind plaas met behoorlike inagneming van motivering ten opsigte van Kategorie 1- en 2-maatreëls. Die ondersoekproses moet bepaal of daar bewyse bestaan ten opsigte van die ernstigheidsgraad van gevalle van gekopieerde teks/materiaal.	Die ondersoekproses moet die ernstigheidsgraad van die oortreding en die risiko's vir die Universiteit bepaal.
(ii)	Beperkte hoeveelheid materiaal/gekopieerde teks, weliswaar met verwysings in die teks en/of bibliografie, maar nie behoorlik aangehaal nie.	Kort gedeeltes materiaal/gekopieerde teks, weliswaar met verwysings in die teks en/of bibliografie, maar nie behoorlik aangehaal nie.	Beduidende of heelwat gedeeltes materiaal/gekopieerde teks, weliswaar met verwysings in die teks en/of bibliografie, maar nie behoorlik aangehaal nie.	Die evaluering moet moontlike versagtende en verswarende omstandighede in ag neem.	

¹ Swak akademiese skryfpraktyk behels moontlike samewerking of swak aanhalingspraktyk waar dit duidelik blyk dat (i) die navorser/student nie die reëls vir akademiese skryfwerk verstaan het nie, of (ii) waar die omvang van gekopieerde materiaal slegs 'n geringe impak het.

² Kategorie 1-oortreding is wanneer die konvensies van akademiese skryfwerk geskend word deur die materiaal van iemand anders as die navorser/student se oorspronklike werk voor te hou.

³ Kategorie 2-oortreding is wanneer gekopieerde materiaal 'n beduidende persentasie van die werk uitmaak.

⁴ Kategorie 3-oortreding is wanneer 'n navorser/student reeds vantevore 'n Kategorie 1- of Kategorie 2- straf opgelê is. Indien daar in die geval van Kategorie 1 en 2-oortredings nie tyd was vir remediërende optrede nie, en dit bewys kan word, word 'n daaropvolgende geval van plagiaat eweneens as 'n SASP Kategorie 1- of Kategorie 2-oortreding hanteer. Ook bekend as herhaalde oortreding. Indien nie 'n sogenaamde herhaalde oortreding nie, moet die ondersoek kullery uitwys.

⁵ Kategorie 4-oortreding is wanneer 'n Kategorie 3-oortreding bewys word en wanneer die intensie om te mislei voor die hand liggend is. Die tugkomitee kan dat besluit op 'n strafmaatreeël soos skorsing in die geval van 'n student of afdanking in die geval van 'n personeellid.

⁶ Kort gedeeltes teks kan so min soos twee aaneenlopende reëltjies wees.

	Swak akademiese skryfpraktyk (SASP) ¹	Kategorie 1-oortreding ²	Kategorie 2-oortreding ³	Kategorie 3-oortreding ⁴	Kategorie 4-oortreding ⁵
	Die betrokke werk sou die volgende eienskappe kon insluit, maar is nie daartoe beperk nie:				
(iii)	Beperkte hoeveelheid materiaal/gekopieerde teks wat linguisties of stilisties aangepas is, met of sonder aanhaling.	Kort gedeeltes materiaal/gekopieerde teks wat linguisties of stilisties aangepas is en voorgehou is as die navorser se eie werk, met of sonder aanhaling.	Beduidende of heelwat gedeeltes materiaal/gekopieerde teks wat linguisties of stilisties aangepas is en voorgehou is as die navorser se eie werk, met of sonder aanhaling.		
(iv)	Beperkte hoeveelheid materiaal/gekopieerde teks wat aangehaal is, maar nie hou by die konvensies van aanhaling, soos aanhalingstekens, nie .	Beperkte hoeveelheid materiaal/gekopieerde teks wat aangehaal is, maar nie hou by die konvensies van aanhaling, soos aanhalingstekens, nie.	Beduidende of heelwat gedeeltes materiaal/gekopieerde teks wat aangehaal is, maar nie hou by die konvensies van aanhaling, soos aanhalingstekens, nie.		
(v)	Bewyse van beperkte samewerking tussen navorsers/studente soos wat blyk uit (i) bron, (ii) struktuur of (iii) gekopieerde teks.	Samewerking tussen navorsers/studente soos wat blyk uit (i) bron, (ii) struktuur of (iii) gekopieerde teks (met inbegrip van gekopieerde teks wat linguisties aangepas is of soortgelyke bibliografieë)	Samewerking tussen navorsers/studente soos wat blyk uit bron, (ii) struktuur of (iii) gekopieerde teks (met inbegrip van gekopieerde teks wat linguisties aangepas is of soortgelyke		
(vi)			Gedeeltes gekopieerde kode, of rekenaarleërs, of eksperimentele resultate gekopieer uit bronne sonder behoorlike verwysing.		

	Voorgestelde aksie vir die bestuur van SASP:	Voorgestelde optrede vir die bestuur van Kategorie 1-oortredings:	Voorgestelde optrede vir die bestuur van Kategorie 2-oortredings:	Voorgestelde optrede vir die bestuur van Kategorie 3-	Voorgestelde optrede vir die bestuur van Kategorie 4-oortredings:
	<p>'n Formele skriftelike waarskuwing en die verpligte bywoning van 'n werkswinkel oor akademiese of navorsingskryfvaardighede, en – in die geval van studente – penalisering m.b.t. die toegekende punte vir die werksopdrag.</p>	<p>Studente wat skuldig bevind word aan hierdie kategorie van letterdiefstal sal 'n nulpunt ontvang. Indien die nulpunt lei tot 'n druippunt ten opsigte van die deelname-/modulepunt kan 'n herindiening oorweeg word vir 'n punt wat beperk word (tot bv. 40% of 50%).</p>	<p>Studente wat skuldig bevind word aan hierdie kategorie van letterdiefstal sal 'n nulpunt vir die opdrag ontvang, maar sal die opdrag moet oordoen ten einde aan die leeruitkomstes te voldoen. Wanneer sodanige opdrag ingedien word, sal daar egter nie die opsie wees van 'n verdere herindiening nie.</p>	<p><u>Algemene opmerkings:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Sodra dit duidelik word dat dit 'n tweede oortreder is en dat die oortreding binne die bestek van 'n Kat 1-oortreding is, word die tweede oortreding as 'n Kat 2-oortreding hanteer. • Sodra dit duidelik word dat dit 'n tweede oortreder is en dat enige van die oortredings 'n Kategorie 2-oortreding is, is die strafmaatreeël ingevolge die tweede oortreding dié van 'n Kat 3-oortreding plus 'n aanbeveling vir moontlike tugmaatreeëls. • Indien dit 'n eerste oortreding is, maar kullery en intensie om te mislei voor die hand liggend is, word die aangeleentheid as 'n Kat 3-oortreding beskou. • Indien dit 'n eerste oortreding is, maar begaan met betrekking tot 'n eksamenstuk in die gevorderdegradeomgewing, waarvoor 'n verklaring afgelê is dat die werk die onafhanklike werk van 'n nagraadse student is en waarvoor die studieleier/promotor toestemming verleen het vir indiening sal die 	<p>Die tugsaaak moet sy volle loop neem (vir studente sowel as personeel) in ooreenstemming met die bepalinge in die Statuut en relevante dissiplinêre kodes. Voorgestelde toepaslike strafmaatreeëls sluit in skorsing, terugtrekking van grade of afdanking. Verslagdoening aan alle tersaaklike regeringsliggame, statutêre liggame, redaksies moet gedoen word deur die Registrateur.</p>

	Voorgestelde aksie vir die bestuur van SASP:	Voorgestelde optrede vir die bestuur van Kategorie 1-oortredings:	Voorgestelde optrede vir die bestuur van Kategorie 2-oortredings:	Voorgestelde optrede vir die bestuur van Kategorie 3-oortredings:	Voorgestelde optrede vir die bestuur van Kategorie 4-
				<p>onderstaande strafmaatreël van toepassing wees. Strafmaatreëls vir studieleiers/promotors moet ook oorweeg word.</p>	
				<p>Studente wat skuldig bevind word aan hierdie kategorie van letterdiefstal sal 'n nulpunt vir die opdrag ontvang, maar sal die opdrag moet oordoen ten einde aan die leeruitkomstes te voldoen. Wanneer sodanige opdrag ingedien word, sal daar egter nie die opsie wees van 'n verdere herindiening nie.</p> <p>Sodanige gevalle van letterdiefstal moet in ag geneem word deur die relevante eksamenkomitees wat aan die einde van elke semester finale modulepunte bepaal; die finale modulepunt wat vir 'n bepaalde module behaal is, moet met 10% verlaag word en die studenterekordkaart moet dienoreenkomstig bygewerk word.</p>	
		<p><u>Vir personeel:</u></p> <p>'n Ondersoek, gevolg deur 'n formele verslag en brief van die Registrateur aan die redaksie van die joernaal waarin die artikel gepubliseer is, met 'n kennisgewing van plagiaat, onttrekking van die artikel uit die joernaal, en die navorser wat verantwoordelik gehou word vir terugbetaling van die bladgelde.</p>	<p><u>Vir personeel:</u></p> <p>'n Ondersoek, gevolg deur 'n formele verslag en brief van die Registrateur aan die redaksie van die joernaal waarin die artikel gepubliseer is, met 'n kennisgewing van plagiaat, onttrekking van die artikel uit die joernaal, en die navorser wat verantwoordelik gehou word vir terugbetaling van die bladgelde.</p>	<p><u>Vir personeel</u> wat skuldig bevind word, 'n brief van die Registrateur aan die redaksie van die joernaal waarin die artikel gepubliseer is, met 'n kennisgewing van plagiaat, onttrekking van die artikel uit die joernaal, en die navorser wat verantwoordelik gehou word vir terugbetaling van die bladgelde. Tugmaatreëls moet ook oorweeg word teen personeel wat skuldig bevind word aan 'n Kat 3-oortreding</p>	

*Kantoor van die Registrateur***GEDRAGSKODE VIR AKADEMIESE PERSONEEL**

As akademiese personeellid van die Noordwes-Universiteit onderskryf ek die strategieverklaring soos goedgekeur deur die Raad op 15 November 2015 dat die Universiteit getransformeer en geposisioneer is as unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid, met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid.

Daarom verbind ek myself in al my doen en late:

- Om die Universiteit se stel waardes te handhaaf, wat ingebed is in die grondwetlike waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid;
 - Akademiese integriteit.
 - Etiek in alle strewes.
 - Akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.
 - Verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, regverdigheid en deursigtigheid.
 - Entoesiasme oor diversiteit.
- Om die grootste integriteit in my akademiese werk (onderrig-leer- en navorsingspraktyke) te demonstreer en om hoë standaarde van akademiese eerlikheid te handhaaf in ooreenstemming met die NWU se Beleid oor Akademiese Integriteit.
- Om my van enige dae van akademiese wangedrag te weerhou, soos onder meer die volgende:
 - Enige fabrisering of vervalsing van akademiese werk.
 - Enige dae van plagiaat, bv. knip en plak van gedeeltes teks sonder behoorlike verwysing, of aanhaling van bronne wat nie gebruik is nie.
 - Enige dae van selfplagiat.
 - Gebruik of aanbieding van die werk van 'n student wat studieleiding ontvang het by my sonder die toestemming van die student en behoorlike erkenning aan die werk of die bydrae van die student.
 - Doelbewuste publiserings in 'n roofoernaal.
 - Betrokkenheid by verdagte navorsingsamewerking wat neerkom op die herhaaldelike indiening van basies dieselfde navorsingsproduk (sogenaamde "salami-slicing").
 - Skending van enige aspek met betrekking tot die NWU se Gedragskode vir Navorsers, ens.
- Om my te onderwerp aan die tugsreëls van die NWU in gevalle van beweerde oortreding van die NWU se Beleid oor Akademiese Integriteit.

(Word jaarliks bevestig as deel van die prestasieooreenkomsproses)

Kantoor van die Registrateur

GEDRAGSKODE VIR STUDENTE

As student van die Noordwes-Universiteit onderskryf ek die strategieverklaring soos goedgekeur deur die Raad op 15 November 2015 dat die Universiteit getransformeer en geposisioneer is as unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid, met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid.

Daarom verbind ek myself in al my doen en late:

- Om die Universiteit se stel waardes te handhaaf, wat ingebed is in die grondwetlike waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid:
 - Akademiese integriteit.
 - Etiek in alle strewes.
 - Akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.
 - Verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, regverdigheid en deursigtigheid.
 - Entoesiasme oor diversiteit
- Om die gestelde studentewaardeproposisie te onderskryf wat die volgende nastreef:
 - die gehalte van die kern akademiese projek;
 - gelykheid van toegang en sukses;
 - gevoel van tuiswees;
 - 'n bemagtigende en ondersteunende leerervaring in 'n belynde programaanbod wat plaaslik en regionaal relevant en internasionaal mededingend is;
 - naatlose onderrig-leer-ervaring;
 - funksionele meertaligheid wat toegang, akademiese prestasie, studentegroei en indiensneembaarheid bevorder;
 - 'n diverse en geïntegreerde studentelewe;
 - indiensneembaarheid van graduandi wat daarvoor bekend is dat hulle responsiewe en sorgsame burgers is en oor die nodige kennis beskik om leiers te wees in ons ontwikkelende land en ons kontinent.
- Om die grootste integriteit in my akademiese werk te demonstree en om hoë standaarde van akademiese eerlikheid te handhaaf in ooreenstemming met die NWU se Beleid oor Akademiese Integriteit.
- Om my van enige dade van akademiese wangedrag te weerhou, soos onder meer die volgende:
 - Enige fabrisering of vervalsing van akademiese werk.
 - Enige dade van plagiaat, bv. knip en plak van gedeeltes teks sonder behoorlike verwysing, of aanhaling van bronne wat nie gebruik is nie.
 - Afskryf van iemand anders se werk.
 - Huur van 'n ander persoon om my werksopdrag te skryf.
 - Indiening van 'n werksopdrag wat reeds geassesseer is.
 - Oneerlike gedrag in 'n formatiewe of summatiewe assesseringsessie.
 - Hulpverlening aan medestudente met assesserings.
 - Aflegging van 'n eksamen namens iemand anders, ens.
- Om my te onderwerp aan die tugreëls van die NWU in gevalle van beweerde oortreding van die NWU se Beleid oor Akademiese Integriteit.

(Bevestig as deel van die jaarlikse registrasieproses)